Geliefde Lourensrivierder

Die afgelope tyd praat die Here baie met my oor Sy verbond en beloftes aan ons van die begin af en dat Hy by daardie beloftes vir ewig sal bly omdat Hy God is en nie kan jok nie! Vandag wil ek net graag weer die Here se moederverbond aan Abraham met jou deel en dan twee bevestigings in Sy Woord op daardie verbond. Die beste van als is.... Abraham het gelê en slaap terwyl God alleen die verbond bekragtig het 🙈

GENESIS 17:7 "Ek bring 'n verbond tot stand tussen My en jou en jou nageslag en al hulle geslagte. Dit is 'n blywende verbond: Ek sal jou God wees en ook die God van jou nageslag.'
GENESIS 17:9 "Verder het God vir Abraham gesê: "Jy moet my verbond nakom, jy en jou nageslag en al hulle nageslagte."

Bevestigings:
Hosea 2:19 "Ek gaan jou aan My bind deur my onverbreekbare trou sodat jy aan My, die Here, toegewy sal wees."
2 Tim 2:11-13 "Dit is 'n betroubare woord: As ons saam met Hom gesterf het, sal ons ook saam met Hom lewe; as ons in die geloof volhard, sal ons saam met Hom regeer; as ons Hom verloën, sal Hy ons ook verloën; **as ons ontrou is – Hy bly getrou: Hy kan Homself nie verloën nie.**

Ek kan maar net my kop skud in verbasing aan God se getrouheid aan ons, al is ons ontrou!
Daar is nog baie ander bevestigings in Sy Woord, gaan kyk maar bietjie....

ABOVE ALL deur Michael W Smith: https://www.youtube.com/watch?v=Q7EPZV56PuA
Crucified, laid behind the stone
You lived to die, rejected and alone
Like a rose trampled on the ground
YOU TOOK THE FALL, AND THOUGHT OF ME ABOVE ALL (**nog 'n bevestiging van Sy verbond**!)

NUUSKRUMMELS: 23 NOVEMBER 2017

NUUS UIT DIE KERKKANTOOR

KERSSANGDIENS op Sondagaand 26 November 2017 @ 19h00 saam met die Canta-Varia koor🎵🎵

Stephan Meyer sê: "Ons draf deur die Nuwe Testament (geboorte ... lewe ... kruisiging ... uitstuur ... wederkoms) met Koor, Gemeentesang, Skriflesings en Voorlesings.

Dit sal die heel laaste optrede van die Canta-Varia koor wees onder leiding van Stephan Meyer.
Na die Kerssangdiens is daar heerlike verversings vir die hele gemeente.
Almal word hartlik uitgenooi!



NUUS UIT DIE GEMEENSKAP:

CANSA Relay For Life Helderberg 2018 is nearing us quite fast and before we know if February 2018 will be here.
If you have not entered your team for the 2018 Relay please remember to do so.
I am aiming for 80 Teams in 2018 Relay so if you could give me an indication if you will be entering a team and how many teams it will be great so that I know +- how far I am from my Target. Contact me or the Church Office @ Lourensrivier for a registration form.
Our Theme for 2018 is Back to The 80's.
If you have any question please let me know and I will gladly reply.
Lucille Kruger: Team Chairperson (CANSA Relay For Life Helderberg) 0729286135

KNIEWERK:

- Dankie Heer vir U genadereën! Ons bid voortdurend dat U wil sal geskied. Ons bid vir die boere wat swaarkry, ons waterkrisis asook vir vrede, regverdigheid en eerlike leiers.
- Kankerbehandeling: Owen Wallis, Paul Louw
- Joël Kriegler vir bestraling
- Donald & Lettie van Rensburg vir gesondheid
- Leon Strauss herstel na operasie
- Andre van Vuuren herstel na skoueroperasie

TERUGVOERING / GEBEDSVERHORING:

Ons wil baie graag weet hoe dit gaan met almal vir wie ons bid. Hou ons asb. op hoogte.

GEBEDSHULPMIDDEL VIR NOVEMBER: WEEK 4:

Week 4

- Heilig jou gebede in Sy Naam.
- Gebruik die name as "wapens" in jou gebedstyd soos jy enige ander beloftes van God in die Skrif sal gebruik.

- In die Bybelse tyd het n persoon se naam sy persoonlikheid aangedui - wie hy is en wat jy van hom kan verwag.
- In die Bybel is daar talle name waarmee Jesus beskrywe word.
- 'n Paar van Sy name:
  - Jehovah Elohim - Die Here God - Genesis 2:4, 3:9, 13 en 21.
  - Jehovah Jireh - Die Here voorsien - Genesis 22:14.
  - Jehovah Nissi - Die Here, my banier - Exodus 17:15.
  - Jehovah Rapha - Die Here wat genees - Exodus 15:26.
  - Jehovah Shalom - Die Here is vrede - Rigters 6:24.

Lourensrivier Gemeente bid saam! Waar jy ookal Vrydag is, kan jy saam met ons intree. 'n Gebedsgroep kom ook Vrydag in Lourensrivier se gebedskamer bymekaar van 13:00 - 14:00. Ons nooi almal uit om asb saam te kom bid. Die gebede sal inval saam met die parlementsessie.
Navrae: Joubert van Tonder @ 0829492045

Klik op skakel vir meer inligting aangaande die biddag:
http://jwipn.com/unite-prayer-sa-24-november-2017/
Jy kan ook op hul Facebook Blad (SA's Parliament Prayer Day), op datum gehou word met verdere inligting: https://www.facebook.com/SAParliamentPrayerDay/

FOKUSTEKS VAN WEEK ASOOK DEEL VAN SONDAG 26 NOV SE BOODSKAP: Mat 25:31-46
(VYF-EN-TWINTIGSTE WEEK IN KONINKRYKSTYD)
“Wanneer die Seun van die Mens in sy heerlikheid kom en al sy engele saam met Hom, sal Hy op sy koninklike troon gaan sit. Al die nasies sal voor Hom bymekaargebring word en Hy sal hulle van mekaar skei soos ’n skaapwagter die skape van die bokke skei....."

Oor die beslissende erns van ons dade vandag laat Matteus geen twyfel nie. Die veroordeeldes se versuim om lief te hê was ’n vergryp aan die Here self. Wie die naaste vandag in liefdeloosheid wegwys, miskyk, ontken, mag dalk dieselfde reaksie oor hom/haarself bring by die wederkoms van die Koning. Die koning vra hier niks anders nie as wat reeds aan ons gegee en gedoen is. Die lys dade aan die geringstes bevat die "basiese" behoeftes van mense. Dit wat gevra word is doenbaar.... uitvoerbaar.

Dit beteken nie altyd om geld, kos of klere te gee nie, maar ook om mense in nood te neem of verwys na plekke wat hulle WEL kan ophelp, lei en bemagtig (kontak die kerkkantoor vir instansies waarnatoe mense in nood verwys kan word).

Al het jy niks om te gee nie, kan jy bid, ‘n sagte woord of blik hê en Jesusliefde uitdeel.

OORGEE, OMGEE, AANGEE
Jackie@Lourensrivier